

REKENINGKUNDE: VRAESTEL I

EKSAMENNOMMER

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

Tyd: 2 uur

200 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye en 'n Inligtingsboekie van 9 bladsye (i – ix) met 'n Verhoudingsblad op bladsy i. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Lees die vrae noukeurig deur.
3. Beantwoord die vrae in die ruimte wat voorsien word.
4. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
5. Jy mag **nie** groen of rooi ink gebruik **nie**. Jy mag 'n **potlood gebruik, maar gebruik asseblief 'n sagte, donker potlood.**
6. Alle berekeninge moet tot **twee desimale plekke** afgerond word.
7. Dit is noodsaaklik dat alle berekeningbesonderhede getoon word **om gedeeltelik punte te verdien.**
8. Die punttoekenning en die toepaslike tyd wat vir elke vraag geneem moet word, is soos volg:

	Moontlike punte	Werklike punte	Nasiener se handtekening	Moderator se handtekening
Vraag 1: Vervaardiging en BTW (22 minute)	37			
Vraag 2: Finansiële State (35 minute)	60			
Vraag 3: Kontantvloeistaat (24 minute)	38			
Vraag 4: Begroting (39 minute)	65			
TOTAAL	200			Kontroleerder

VRAAG 1 VERVAARDIGING EN BTW**(37 punte; 22 minute)****Verwys na die inligting aangaande Glowcor.**

- 1.1 Verwys na **Inligting A** om die bedrag BTW te **bereken** wat op 31 Oktober 2015 betaalbaar is óf aan óf deur SAID. Dui duidelik aan of hierdie bedrag betaalbaar is aan of deur SAID.

--	--

(10)

- 1.2 Gebruik **Inligting B** en voltooi die produksiekostestaat vir die jaar eindigend 31 Oktober 2015.

Glowcor
Produksiekostestaat vir die jaar eindigend 31 Oktober 2015

Direkte koste/Primêre koste	
Fabrieksbokoste	
Totale vervaardigingskoste	
Goedere-in-bewerking	
Goedere-in-bewerking	
Produksiekoste van klaarprodukte	6 600 000

(10)

- 1.3 Gebruik **Inligting C** en voltooi die handelstaat van Glowcor vir die jaar eindigend 31 Oktober 2015.

Glowcor
Handelstaat vir die jaar eindigend 31 Oktober 2015

(3)

- 1.4 Bereken die eindsaldo soos dit in die klaarprodukte-voorraadrekening op 31 Oktober 2015 sou verskyn het.

Eindsaldo op 31 Oktober 2015	
--	--

(4)

- 1.5 Luca is daarvan oortuig dat hy as gevolg van die lang beurtkragvoorspelling en die hoë vraag na sy herwinbare lampe in die volgende finansiële jaar winsgewender kan wees. Veronderstel dat daar geen veranderinge in die koste en verkoopsprys per lamp is nie, bereken hoeveel meer lampe geproduseer en verkoop moet word om die onderneming se bruto wins met R1 440 000 te verbeter.

--

(3)

- 1.6 Die belangrikste vervaardigingsmasjien het gebreek en kan eers oor 10 dae herstel word omdat 'n spesiaal opgeleide installasietegnikus eers dan beskikbaar sal wees. Verduidelik, met verwysing na die voorraadhou tydperk, waarom dit vir Glowcor 'n probleem kan wees.

Berekening:
Verduideliking:

(3)

(2)

- 1.7 Gee 'n rede waarom jy dink Glowcor beklemtoon die herwinbare aard van hul kampeerlampe in hul advertensiestrategie.

(2)

VRAAG 2**MAATSKAPPY FINANSIËLE STATE****(60 punte; 35 minute)****Verwys na die inligting aangaande Akhari Beperk.**

- 2.1 Voltooi die volgende aantekeninge by die finansiële state. Party syfers is reeds vir jou ingevul en hulle is korrek. Alle berekeningbesonderhede moet getoon word, sodat punte gedeeltelik toegeken kan word.

Akhari Beperk**Aantekeninge by die finansiële state vir die jaar geëindig 31 Oktober 2015****Aantekening 7: Uitgereikte aandelekapitaal**

1 350 000	Gewone aandele teen	per aandeel	
	Gewone aandele teen	per aandeel	
	Gewone aandele teen	per aandeel	
	Gewone aandele teen	per aandeel	

(14)

Aantekening 8: Behoue inkomste

Beginsaldo	
Netto inkomste na belasting	
Dividende op gewone aandele	
Betaal	
Aanbeveel	
Eindsaldo	

(18)

Aantekening 9: Handels- en ander bedrae betaalbaar

Handelskrediteure	

(4)

- 2.2 Voltooi die **bate-afdeling** van die staat van finansiële posisie soos op 31 Oktober 2015.

Akhari Beperk
Staat van finansiële posisie (Balansstaat) soos op 31 Oktober 2015

BATES	2015
Nie-bedryfsbates	
Vaste/Tasbare bates	5 500 500
Finansiële bates:	
Vaste deposito: Nedrand Bank (202 500	
Vaste deposito: ABBA Bank (90 000	
Bedryfsbates	
Voorraad	
Handels- en ander ontvangbare rekeninge (450 000	
Kontant en kontantekwivalente (335 000	
TOTALE BATES	

(21)

- 2.3 Verduidelik waarom jy dink Akhari Beperk se besluit, wat tot aansuiwering 9 gelei het, was 'n goeie sakebesluit.

(1)

- 2.4 Akhari Beperk het 20% van hul debiteure aan IRBS Finansiële Dienste verkoop (aansuiwering 11). Verduidelik **twee redes** waarom hulle moontlik besluit het om dit te doen.

•
•

(2)

VRAAG 3 KONTANTVLOEISTAAT**(38 punte; 24 minute)****Verwys na die inligting aangaande Ingwenya Beperk.**

3.1 Voltooi die tasbarebate-aantekening.

Aantekening 3: Tasbare/Vaste bates

	Masjinerie en Eiendom	Voertuie	Toerusting
Dra-/Boekwaarde aan die begin van die jaar	3 452 000	448 000	83 200
Kosprys	3 452 000	850 000	340 000
Opgehoopte waardevermindering	—	(402 000)	(256 800)
Bewegings			
Byvoegings teen kosprys	?		?
Bate verkope/Vervreemdings teen dra-/boekwaarde		?	
Waardevermindering		?	(6 600)
Dra-/Boekwaarde aan die einde van die jaar	4 522 800	184 600	?
Kosprys	4 522 800	?	?
Opgehoopte waardevermindering		?	(263 400)

(9)

- 3.2 Voltooi die kontantvloeistaat van Ingwenya Beperk vir die jaar eindigend 31 Oktober 2015. **Van die inligting is vir jou ingevul en is korrek. Moenie dit verander nie.**

Ingwenya Beperk
Kontantvloeistaat vir die jaar eindigend 31 Oktober 2015

	R
Kontantvloeï uit bedryfsaktiwiteite	
Kontant uit bedrywighede gegenereer	1 295 760
Kontantvloeï uit beleggingsaktiwiteite	
Tasbare bates gekoop	
Opbrengs op die verkoop van tasbare bates	
Kontantvloeï uit finansieringsaktiwiteite	
Terugkoop van aandele	
Opbrengs van nuwe lenings	
Terugbetaling van lenings	
Netto verandering in kontant en kontantekwivalente vir die jaar	
Kontant en kontantekwivalente – 1 November 2014	(91 000)
Kontant en kontantekwivalente – 31 Oktober 2015	

(25)

- 3.3 Die volgende stelling is geneem uit die notule van die Algemene Jaarvergadering: “Ons, die aandeelhouders, wil graag ons diepe kommer uitspreek oor die direkteure se besluit om 80 000 aandele gedurende hierdie finansiële jaar terug te koop.” Verskaf 'n rede wat deur inligting uit die kontantvloeistaat ondersteun word waarom die aandeelhouders so voel.

--

(2)

- 3.4 Na 'n ondersoek het dit aan die lig gekom dat Jason Steiner, die aandeelhouer by wie die maatskappy die aandele teruggekoop het, 'n goeie vriend van die finansiële direkteur is en hulle speel op 'n gereelde basis saam muurbal. Verduidelik kortliks waarom jy as aandeelhouer dit as 'n probleem kan beskou.

(2)

VRAAG 4 KONTANTBEGROTING EN GEPROJEKTEERDE INKOMSTESTAAT (65 punte; 39 minute)

Verwys na die inligting aangaande Frozo Yogi's.

- 4.1 Voltooi die **krediteurebetalingskedule** vir die begrotingstydperk September en Oktober 2015. Van die inligting is vir jou ingevul en dit is korrek.

Kredietaankope	September 2015	Oktober 2015
	R	R
Julie R58 350	?	
Augustus R	R25 080	?
September R67 500		?

(4)

- 4.2 Voltooi die **kontantbegroting** vir die twee maande eindigend 31 Oktober 2015.

	Begroot September	Begroot Oktober		Werklik September
	R	R		R
KONTANTONTVANGSTE	?	391 570		353 575
Kontantverkope	?	87 750		81 000
Kontantontvangste van debiteure	262 575	297 000		262 575
Huurinkomste		?		?
Versekeringuitbetaling				?
KONTANTBETALINGS	?	?		?
Kontantaankope van handelsvoorraad	157 500	?		?
Betalings aan krediteure	?	?		65 250
Lone	24 000	25 200		24 000
Bonusse	15 000	15 750		4 000
Onttrekking deur eienaar	15 000	16 125		15 000
Diverse uitgawes, met elektrisiteit ingesluit	25 000	27 200		28 000
Brandstofkoste vir kragopwekker	—	1 200		3 600
Leningterugbetalings plus rente	?	?		1 900
	?	?		?
	?	?		1 000
Kontantsurplus/-tekort	?	?		
Bankbeginsaldo	35 000	?		
Bankeindsaldo	?	161 970		

(22)

- 4.3 Voltooi die **Geprojekteerde inkomstestaat** van Frozo Yogi's vir die twee maande eindigend 31 Oktober 2015.

	Geprojekteer September	Geprojekteer Oktober	Werklik September
	R	R	R
Verkope	405 000	351 000	324 000
Koste van verkope	(225 000)	(195 000)	(180 000)
Bruto wins	180 000	156 000	144 000
Plus ander inkomste	?	8 170	7 520
Huurinkomste	?	?	6 200
Korting ontvang	?	?	1 320
Ander bedryfsuitgawes	?	(89 440)	(90 800)
Lone	24 000	25 200	24 000
Bonusse	15 000	15 750	4 000
Diverse uitgawes, met elektrisiteit ingesluit	25 000	27 200	28 000
Brandstofkoste vir kragopwekker	1 000	1 200	3 600
Oninbare skuld	–	?	–
Verlies vanweë beurtkrag	5 000	–	?
	?	?	?
	?	?	?
	?	?	?
Bedryfswins	?	74 730	60 720
Min: Rente-uitgawe	?	?	(1 900)
Netto wins	?	?	58 820

(20)

- 4.4 Beantwoord die volgende vrae.

- 4.4.1 Wat is die kredietbepalings vir debiteure? (Binne hoeveel dae moet hulle hul rekeninge vereffen?)

(2)

- 4.4.2 Watter persentasie verhoging sal na verwagting aan werknemers gegee word in die finansiële jaar wat op 1 Oktober 2015 begin?

--

(3)

- 4.4.3 Dink jy die verhoging (wat in Vraag 4.4.2 bereken is) is aanvaarbaar? Verduidelik deur relevante verhoudings of bedrae aan te haal.

(4)

- 4.4.4 Die werknemers is ongelukkig oor die vergoeding wat hulle in September 2015 verdien het en het gevra dat hul loon- en bonusooreenkoms verander word.

Op watter manier is die werknemers deur die kragonderbrekings beïnvloed en waarom is hulle beïnvloed?

(3)

- 4.4.5 Watter **twee** veranderinge dink jy kan Joan aan die werknemers se lone aanbring wat hulle aanvaarbaar sal vind?

•
•

(4)

- 4.4.6 Verduidelik kortliks **drie ander terreine** waarop die onderneming, Frozo Yogi's, deur die elektrisiteitstekort in Suid-Afrika beïnvloed is. (Skryf slegs een sin per terrein.)

•
•
•

(3)

65

Totaal: 200 punte